Verdien AgriBonuspunte
op alle produkte deur
Laeveld Agrochem aangekoop

Saam boer ons vooruit

Fokus op George Prinsloo

Besigheidsontwikkelingsbestuurder

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele kennis en advies kontak gerus vir George Prinsloo by
Sel: 082 903 3921 E-pos: george@laeveld.co.za

George is in Pretoria gebore en het sy skoolloopbaan op Ventersdorp, Noordwes voltooi. Daarna het hy sy BSc graad aan die Universiteit van Pretoria, met lof behaal. Hy doen verder 'n onderwys diploma en begin sy werkloopbaan as Wetenskap en Biologie onderwyser. In 1999 verlaat hy die onderwys en begin as veemedisyne verteenwoordiger by Virbac dieregesondheid werk. Hy word na 4 jaar bevorder tot streeksbestuurder. In 2009 verlaat hy die veemedisyne bedryf om as verkoopsbestuurder by Agrinet te werk. Hy was verantwoordelik vir die westlike streek van die land se retail verkope deur die belangrikste Agri besighede.

Sy liefde vir die boerdery gemeenskap lei hom om in 2011 in die landbouchemiese bedryf te begin werk as Kommersiële bestuurder by BASF. By BASF was hy die laaste 6 jaar verantwoordelik vir alle aspekte van verkope, bemarking en opleiding van agente en boere.

George is met Mizelle getroud en hulle het drie dogters. George glo dat die lewe nie om jouself draai nie maar dat jy elke dag saad saai om God se koninkryk op aarde te laat kom.

George glo dat verhoudings wat op vertroue en respek gebaseer is, die fondament van enige suksesvolle besigheid is. Hy is opgewonde om 'n verskil in agente en boere se lewens te maak.